



Die hemelvaart van Jesus

Teken in om 'n skakel na blitspos te ontvang

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

Die hemelvaart van Jesus Christus word, net soos die maagdelike ontvangenis en sy opstanding uit die dood, deur talle beskou as onaanvaarbaar vir moderne mense. Die dele van die kerklike belydenis wat daarvoor handel, word dikwels afgemaak as naïewe oorlewering uit 'n voorwetenskaplike tyd.

Selfs mense wat hulself Christene noem, aanvaar soms nie daardie dele van die kerklike belydenis nie. Baie argumente word dan ook deur hulle aangevoer om die “bonatuurlike” in die lewe van Jesus van Nasaret as legendariese vertellings uit die vroeë kerk te verklaar.

Dit is natuurlik nie iets nuuts nie. Prof A van Selms het al in 1952 in sy boekie oor die geloofsbelydenis van Nicea geskryf: *Die ongelowige van alle tye weet presies wie en wat Hy [Jesus] is. Hulle skryf sy biografie, hulle bepaal sy plek in die geestesgeskiedenis en gee voor dat hulle alles van Hom weet wat die moeite werd is om te weet.*

Die kerk hou egter vas aan die belydenis van Jesus se maagdelike ontvangenis, sy opstanding uit die dood en sy hemelvaart. Hierdie wondergebeure baken as't ware die aardse lewe van Jesus af: maagdelike ontvangenis aan die begin, en opstanding en hemelvaart aan die einde. Dit vorm die grense van hierdie Seun van God se aardse lewe. Sonder hierdie wonders sou Hy bloot 'n baie besondere Jood uit Nasaret gewees het.

Ons moet wel dadelik erken dat die hemelvaart van Jesus ons nie so aanspreek soos sy geboorte en kruisdood nie. Sy geboorte en kruisdood is immers die “normale” begin en einde van sy lewe. Met Kersoggend is die kerk gewoonlik vol, en met Paasfees word eredienste meestal goed bygewoon. Maar Hemelvaart het van baie gemeentes se kalenders af verdwyn. Is dit omdat ons met 'n verleentheid sit as dit by hemelvaart kom?

Die kerk van alle tye verstaan die hemelvaart van Jesus as sy terugkeer na God in die hemel. Die Bybelse beeld van 'n plat aarde met die woonplek van God bo die uitspansel geld nie meer vir ons nie, maar 'n ronde aarde het nie die betekenis van die hemelvaart verander nie. Ons Heer wat uit die dood opgestaan het, is by God in die hemel waar Hy vir ons plek gereedgemaak het. Dit is die vaste oortuiging en geloof van Christus se volgelingen. Hy het vir sy dissipels gesê: *Ek gaan om vir julle plek voor te berei.* Daar is dus by God plek vir ons gebroke, sterflike, aardse mense. Ons uiteindelijke bestemming is 'n lewe by God saam met Jesus Christus.

Dit kan nie bewys word nie, maar dit kan vas geglo en bely word. Die onwrikbare vertroue in die lewende God, ons Vader, maak hierdie belydenis 'n werklikheid vir ons geloofsluwe. Met hierdie geloof, hierdie vertroue in ons harte, is dit makliker om geliefdes aan die dood af te staan, is dit ook makliker om self eendag jou oë vir die laaste keer toe te maak. Daarsonder is die lewe maar 'n troostelose op pad wees na die vernietigende dood.

Die sterkste getuïenis oor die hemelvaart van Jesus Christus kan ook in ons sogenaamde moderne tyd gelewer word deur die daaglikse lewe van hulle wat in Hom glo. Deur te leef as die nuwe mense wat God van ons gemaak het, beklee met die liefde (soos die brief aan die Kolossense sê), kan ons elke dag lewende getuies daarvan wees dat ons Heer in die hemel is, en dat ons na Hom op pad is.

Lief en leed

- **Mev Maryna Kramer**, vrou van ds Jan Kramer (emeritus/Elsburg), ondergaan Woensdag 12 Mei 'n groot rugoperasie. Ons bid dat dit goed sal afloop en dat sy spoedig beterskap sal ervaar.
- **Ds Marius Bacon (emeritus) se seun** is tans in Nieu-Seeland in die hospitaal na 'n fratsongeluk. Hy het 'n sak sement gedra en sy rug beseer toe hy dit neergesit het. Hy is tans nog verlam, hoewel 'n MRB geen skade aan die senuweekolom toon nie. Die Kerk bid vir sy volkome herstel en wens ds Marius en Mercia voorspoed toe.
- **Die volgende predikante verjaar tot 21 Mei 2021, en word hartlik geluk gewens:**
 - Donderdag 13 Mei: Prof E (Ernest) van Eck (61) (UP), drr JJ (Koos) Prinsloo (75) (emeritus) en GC (Gerhard) Lindeque (60) (Bybelgenootskap)
 - Vrydag 14 Mei: Di PJ (Pieter) Uys (64) (siekte-emeritaat) en WJJ (Willem) Kok (61) (Potchefstroom)
 - Sondag 16 Mei: Di AC (André) Swanepoel (42) (Derde Kruis) en EM (Liza) Jansen (32) (Witbank-Suid)
 - Dinsdag 18 Mei: Ds MS (Marissa) Kidson (38) (Pretoria-Wes)
 - Donderdag 20 Mei: Dr PJ (Piet) van Zyl (64) (Ermelo), di T (Theuns) Snyman (80) (emeritus) en HJ (Hendrik) Odendaal (65) (emeritus)

Gemeentes en bediening

- Die Raad van Finansies het in die verlede besluit dat die Kerk 'n voorbeeld vir die wêreld moet stel. Daarom is **Hemelvaartdag** (vanjaar Donderdag 13 Mei) vir die personeel van die Sinodale Dienssentrum 'n vakansiedag. Let dus asseblief daarop dat die **Sinodale Dienssentrum gesluit** is vir dié dag.
- Die **vergadering van die ring van Vereeniging** vind plaas op **16 Mei**, en nie op 15 Mei soos vroeër aangedui nie.
- Die **vergadering van die ring van Zuurfontein** vind steeds plaas op **20 Mei**, maar wel by **Gemeente Makarios** en nie meer by Gemeente Kempten nie.
- Die **vergadering van die ring van Heilbron** wat geskeduleer was vir 8 Mei, vind nou plaas op **19 Junie**.
- **Gemeente Heilbron** wil graag hul breekware aanvul. As daar gemeentes is wat **agtkantige breekware** het wat hulle nie gebruik nie of wil verkoop, kan hulle Magda Bierman kontak by 083 292 1503. Die gemeente benodig 70 eetborde en 50 kleinbordjies (alles agtkantig).
- **Gemeente Welgelegen-Pietersburg** benodig die dienste van 'n dinamiese **orrelis**. Bo en behalwe orrelspel tydens eredienste sal ook van die persoon verwag word om 'n wesenlike impak en 'n skeppende bydrae te lewer tot uitbreiding van die gemeente se musiekbediening. Aansoek, vergesel van 'n verkorte CV, moet gerig word aan die skriba, NHKA Gemeente Welgelegen-Pietersburg, by george.marais@fineandcountry.com. Oudl George Marais kan gekontak word by 083 300 0554.
- **Vakante werkruimte**. Aansoek word ingewag van 'n gelegitimeerde predikant, verkieslik in die ouderdomsgroep 30-40 jaar, vir **Gemeente Ermelo** wat op 31 Augustus 2021 vakant raak.

Gemeenteprofiel: Die gemeente bestaan sedert 1909 en is een van twee NHKA-gemeentes in Ermelo. Die sieletal is tans ongeveer 312. Die ouderdomsprofiel is redelik verspreid, met 'n groot aantal lidmate in die ouderdomsgroep 35-60. Die gemeente beskik oor 'n

doelmatige kompleks bestaande uit 'n kerkgebou, saal en kombuis, asook kategeselokale. Die gemeente beskik ook oor 'n ruim pastorie.

Leraarprofiel: Die geskikte kandidaat se lewe moet getuig van 'n passiewolle verhouding met God. Liturgies deurdenkte, goed voorbereide, Geesvervulde eredienste is vir die gemeente ononderhandelbaar. Die gemeente kan van aansoekers verwag om 'n erediens in die gemeente waar te neem gedurende die tyd van vakantskap.

Posbeskrywing: Dit is 'n voltydse standplaas wat van die predikant alles verwag soos in die Kerkorde omskryf. Vergoeding, reiskoste, verlof, mediese fonds en pensioen sal volgens die skale en Kerkorde van die Kerk bereken en hanteer word met inagneming van die aantal jare diens. Dit kan insluit gratis inwoning in die pastorie en munisipale koste, of dalk 'n subsidie vir eie behuising. Diensaanvaarding is so gou moontlik nadat die standplaas vakant geraak het.

Aansoeke sluit op 30 Junie 2021. Aansoeke moet vergesel wees van 'n verkorte CV wat die kontakbesonderhede van minstens twee referente insluit. Dit moet gestuur word aan die Adminbeampte, ermelo@nhk.co.za of rouxandry@gmail.com. Die Kerkraad behou die reg – indien so besluit – om nie een van die aansoekers te beroep nie.

- **Vakante werkrumte vir die samewerkende kerke in Harare.** Die NHKA en die NGK in Harare funksioneer sedert 2019 as een gemeente. Dit is 'n tipies stedelike gemeente en bestaan hoofsaaklik uit ouer persone. Daar is ook lidmate wat buite die stedelike gebied woon. Die **vastetermynpos vir drie jaar** kan met wedersydse instemming verleng word. Aansoeke word ingewag van 'n **tweetalige predikant** wat gelegitimeer is in die Hervormde Kerk of die NG Kerk (eredienste word om die beurt in Afrikaans en Engels gelei). Aangesien die skoolopleiding in Zimbabwe geweldig duur is, moet predikante verkieslik nie skoolgaande afhanklikes hê nie.

Die **vergoedingspakket** beloop 'n leefbare inkomste in Zimbabwe, plus gratis verblyf in 'n gemeubeleerde pastorie (insluitende sekuriteit, telefoon, data, water, ligte en 'n bediende) en gratis gebruik van 'n gemeentervoertuig.

Aansoeke moet vergesel wees van 'n verkorte CV met vermelding van die kontakbesonderhede van twee referente, en moet gestuur word aan njssteenekamp@gmail.com. Vir meer inligting, kontak die konsulent van die Hervormde Kerk, ds Nicolaas Steenekamp, by 073 279 3315 (RSA); of NHKA oudl Rinus Grau by +263 71 261 1536; of NGK oudl Deon Theron by +263 77 224 6233.

Beplande vergaderings

- Vrydag 14 Mei: TOIBO-ledevergadering
- Dinsdag 18 Mei: Kuratorium

Kerklike publikasies

- Met ingang van die Mei 2021-uitgawe ontvang **elke gemeente minstens vyf (5) eksemplare van die gedrukte weergawe** (wanneer dit gedruk word) van die Kerk se amptelike mondstuk *Die Hervormer*. Dit beïnvloed nie gemeentes se bestaande bydrae ten opsigte van *Die Hervormer* nie. Laasgenoemde word steeds bereken op grond van die gemeente se lidmaattal.

Fondsinsamelings

- **Gemeente Oos-Londen: Word 'n affiliaal van Nguni Gifts**
Verdien 2- tot 7%-kommissie
Befonds jul gemeente se bediening deur verwysings
Stuur 'n e-pos of WhatsApp-boodskap om jul gemeente aan te sluit
larry@nguni-gifts.co.za
WhatsApp 072 020 8911

'n Gedig

Kladboek

Aan't kaste regpak ontdek sy 'n kladboek met gearste blare, elk benoem, maar kinderlomp ingeplak. Voor haar val 'n kleintyd oop met langsteel-poinsettias by die agterdeur wat jaarliks wit en taai sou bloei as haar pa die stele einde Julie stomp afsnoei. Speel-speel en gedagtig aan Gandhi het sy frangipani's geel en melkerig om haar nek gestring, min wetend dat dié vlesige blare gou tot vrot sou verwring. Daar is moerbeie- en varingblare, grysgroen verdroog, en ragfyn konfetti van 'n doringboom oor die tafel gestrooi. Sy huiwer oor dié kleinood, plaas dit by 'n bondel papier om dalk later te herwin – maar dralend bly die herinnering.

Eunice Basson

(LitNet-nuusbrief 832, 13/01/2021)

Barmhartigheid

- **15 Mei tot 15 Junie is Bejaardesorgmaand: *Tooi Turkoois vir Bejaardes*.** Alle gemeentes word vriendelik versoek om hul bes te doen om hierdie maand spesifiek aan bejaardes en hul aktiwiteite te wy. Navrae: Ds Lilian Erasmus, voorsitter: Ondersteuning van Bejaardes, 083 255 2082.
- **Rata-webinaar: 26 Mei 19:00-20:30**
Die leefwêreld van maatskaplike werkers:
Verhale van hartseer, omgee en hoop
Registreer by: www.rata.org.za/webinars
- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, het 'n **tweeslaapkamer-woonregeenheid** beskikbaar by Frans Boshoff: Dit is Woonstel 3 teen R485 000. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x216 vir meer inligting.
- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.
- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.
- **Seniordal-aftreeoord**
Kieserstraat 126, Rietondale
Een enkelwoning te koop teen R510 000
Een eenslaapkamerwoning te koop teen R515 000
Een 1½-slaapkamerwoning te koop teen R520 000
Een tweeslaapkamerwoning te koop teen R560 000
Een tweeslaapkamerwoning te huur teen R6 500 per maand
Navrae: Beulah du Plessis by 082 847 9544
Seniordalpta@gmail.com



Rata
MAATSKAPLIKE DIENSTE

Allegaartjie

“Moenie jousef bluf nie: Het jy agtergekom dat jou kind se Afrikaanse woordeskat krimp, dat hy nie meer idiome ken soos jý dit geken het nie; dat haar vermoë tot beeldspraak en abstrakte denke ingekort is; dat sy punte vir Afrikaans Eerste Addisionele Taal maar middelmatig is in die Engelse skool? Nee wat, jy sien dit nog nie raak nie. Julle praat mos Afrikaans in die huis. Julle gaan kyk na Afrikaans is Groot; julle sing lekker saam met Afrikaanse musiek. Miskien lees julle selfs so dan en wan ’n Afrikaanse boek. Dalk kóóp julle selfs ’n boek. En as jy nou regtig van iets hoor wat jy wil lees, kopieer jy dit sommer gou. Selfs jou kinders se voorgeskrewe gedigte kopieer jy – dit werk baie goedkoper uit as om die handboek te koop. Jy self het in matriek laas ’n gedig gelees. Maar jy is lief vir Afrikaans. Jy glo dat Afrikaans gaan voortbestaan. Dis julle huistaal.” (Susan Smith, LitNet-nuusbrief 847, 30 April 2021)

Betaalde advertensies in hierdie nuusbrieff

Die koste vir advertensies is **R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, verwysing: u naam + blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.

Meer besonderhede oor advertensies kan aangevra word van produksie@nhk.co.za.

’n Gebed vir daaglikse vertroosting

Terwyl ek werk toe gaan, wees by my, Heer.

Wees die geduld wanneer ek gefrustreerd is.

Wees die volharding wanneer ek moeg is.

Wees die wysheid wanneer ek onseker is.

Wees die inspirasie wanneer my idees opraak.

Wees die vredemaker wanneer ek seergemaak voel.

Wees die vertrooster wanneer ek oorweldig voel.

Wees die energie wanneer ek vermoeid is.

Wees die wegwysers wanneer ek verward is.

Wees die Een wat vergewe wanneer ek iets verkeerd interpreteer.

Heer, wees met my, vandag.

(Skrifwer onbekend, vertaal deur Tessa Oppermann)

<https://www.womansday.com/life/g28366867/prayers-for-peace/?slide=26>